Ontmoeting 43

DIE PROFEET JEREMIA

Kinders besef dat hul doel op aarde is om God se wil te doen.

Teks: Jeremia 18:1-10

Hulpmiddels:

- Huishoudelike items soos 'n eierspaan, rasper, nael-knipper, skêr, broodmes, skroewedraaier, ens.
- Video van 'n pottebakker aan die werk
- Rêrige-êrige klei
- Kopieë van die inkleurprent

WELKOM

1. Pak die huishoudelike items op 'n tafel uit. Lig hulle een vir een op en laat die kinders raai wat die doel van elke item is.
2. Laat die groep opdeel in groepies van 4 of 5. Een van die groeplede staan in die middel. Die groeplid in die middel is die mannekyn wat deur die ander lede in enige posisie geplaas kan word. Die groepe wys hulle mannekyn vir mekaar. Ruil om totdat elke kind 'n kans gehad het om die mannekyn te wees.

WYDING

Temalied en **stilword-ritueel** soos by ontmoetings 37 en 38.

Sing ook: "Doen slegs U wil, Heer".

WOORD

Wie kan onthou wat 'n profeet is? En wie kan die profeet oor wie ons verlede keer gesels het, onthou? Vandag vertel ek julle van nog 'n profeet. Hy was sommer nog jonk toe God hom geroep en aan hom 'n opdrag gegee het.

Jeremia is gebore as lid van 'n godsdienstige familie uit Juda. Sy pa was 'n priester. Hulle het in 'n klein dorpie naby Jerusalem gebly.

In die tyd wat Jeremia gebore is, het God se volk nie volgens sy voorskrifte geleef nie. Amper elkeen, van die koning tot die slawe, het valse gode gedien. Hulle het dit selfs binne-in God se tempel gedoen.

Toe Jeremia 20 jaar oud was, het die Here met hom gepraat en gesê: "Ek het jou geken nog voor jy gebore is en Ek het beplan dat jy namens My sal praat."

Jeremia was bang. "Ag Here, ek kan dit regtig nie doen nie. Ek is nog heeltemal te jonk." Jeremia het nie gedink die mense gaan na hom luister nie.

God het vir Jeremia gesê: "Ek is by jou. As ek sê jy moet gaan, moet jy gaan en presies sê wat Ek vir jou sê. Moet vir niemand bang wees nie. Ek is by jou en Ek sal jou beskerm." Toe het die Here sy hand uitgesteek en aan sy lippe geraak. Hy sê toe: "Hiermee sit Ek my woorde in jou mond."

God het vir Jeremia krag, moed en wysheid gegee. Hy het die mense herinner dat God vir hulle lief is en hulle wil help, maar niemand wou luister nie, nie eers die koning of die priesters nie.

Jeremia het die volk herinner dat, toe die Noordryk nie na God geluister het nie, die vyand hulle oorwin en weggevoer het. Dis nou al 100 jaar later en die Suidryk hou aan om van God te vergeet. Selfs al kon hulle sien dat die vyand reeds op pad was, het hulle aanhou verkeerd doen.

Hoe meer Jeremia gewaarsku het, hoe kwater het die mense geword. Hulle het 'n paar keer vir Jeremia gemartel en die tronk gegooi. Selfs in sulke moeilike tye was Jeremia getrou aan God se opdrag. Deur dit alles het God hom beskerm net soos Hy belowe het.

Vir God was dit so erg dat die mense sy waarskuwings ignoreer het, dat Hy vir Jeremia gesê het: "Hou op bid vir hierdie mense. Ek gaan nie meer luister wanneer hulle om hulp roep nie."

Een van die voorbeelde wat God vir Jeremia gegee het om aan die volk te verduidelik wat gaan gebeur, is die beeld van 'n pottebakker en klei. Kom ons kyk wat God vir Jeremia gewys het.

(Wys die video.)

Al hierdie waarskuwings het niks gehelp nie.

Die Babiloniese weermag het Jerusalem en die hele Juda oorwin. Hulle het die mure afgebreek, geboue verwoes en alles afgebrand. God het belowe dat hulle vir 70 jaar gevange sou wees en daarna sou Hy hulle terugbring na die Beloofde Land. Dit is net soos ons gesien het in die voorbeeld van die pottebakker. Toe die klei nie reg vorm nie, het hy van voor af met iets nuuts begin uit dieselfde klei. God wou ook so maak. Hy het belowe dat dit weer goed sal gaan met sy volk. Ná die 70 jaar in Babel sal hulle weer huis toe kom en oor begin. Sy liefde vir sy kinders sal nooit ophou nie.

Een van die bekendste beloftes in Jeremia klink so: "Ek beplan mooi dinge vir julle. Ek wil hê dit moet met julle goed gaan. Julle sal weer dinge van My vra en Ek sal na julle luister. As julle My regtig liefhet, sal Ek vriendelik wees met julle." (Jeremia 29:11)

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe laat hierdie storie jou voel.
2. Ek wonder wat sou jy doen as jy Jeremia was.
3. Ek wonder hoe het Jeremia gevoel toe die mense nie na hom wou luister nie.
4. Wonder jy soms wat God se doel met jou lewe kan wees?

WERSKAF

- Gee aan elkeen 'n stukkie klei waarmee hulle in hul hande kan speel. Laat elkeen rustig raak en met hul oë toe sit. Gee kans vir 'n rukkie stilte en bid dan dat ons almal vir God sal vertrou om ons te vorm, soos wat ons die klei in ons hande vorm.
- Hulle kan met die klei 'n kleipotjie maak om huis toe te neem.
- Inkleurprent van 'n pot en hande. Kinders kan hul eie gebed in die kleipot skryf.

Sluit af met die seënbede.